TONI VAN ZYL
Financial Services / Finansiële Dienste
CC/BK 97/20955/23 FSP 181
Tax Practitioner / Belastingpraktyk nr: PR-FC816B3
VAT / BTW 4450165438

21 Erica Street,
Gordon's Bay / Baai, 7140

☎ 021 856 2100/40
021 856 4581
tonis@yebo.co.za

Professional independent financial service providers whom you can trust
Professionele onafhanklike finansiële diensteverskaffers op wie u kan staatmaak

Financial-, Estate- & Retirement Planning / Short Term Insurance / Budget Planning
Finansiële-, Boedel- & Aftreebeplanning / Korttermynversekering / Begrotingsbeplanning

Liewe Kliënte, Desember 2011

2011 is op 'n einde. Baie dankie aan al ons kliënte vir julle ondersteuning en baie welkom aan al ons nuwe kliënte. Ons heg baie waarde aan julle almal en ons missie bly steeds die skepping en behoud van welvaart en die beskerming teen finansiële risiko's gebaseer op 'n wedersydse verhouding van vertroue en integriteit.

Dit is belangrik vir ons om ons kliënte se portefeuljes jaarliks te hersien. Maak seker julle kan julle afsprake nakom.

Masthead, ons voldoeningsbeampte en die grootste ondersteuningsnetwerk vir onafhanklike finansiële adviseurs in SA, doen kwartaaliks beoordeling van prosesse by ons kantoor. Dit verseker dat ons kliënte effektief en volgens wet gediens word. Ons is trots daarop dat ons stelsels grootliks in plek is. Dankie aan Herman, ons voldoeningsbeampte vir jou bydrae om te verseker dat ons kantoor effektief funksioneer.

Terugblik op 2011

Markte was gedurende die jaar wisselvallig (Alsi -3,1%) terwyl rentekoerse konstant gebly het (Geldmark 5,5%). Wat 'n moeilike jaar vir fondsbestuurders. Baie dankie aan ons fondsbestuurders wat weereens puik prestasies gelewer het in die moeilike omstandighede.

Op persoonlike vlak het ons jaar interessant verloop. In Julie maand was Elmarie in 'n ongeluk op die N2 waarin 6 motors betrokke was. Alhoewel die motor afgeskryf is, het sy gelukkig slegs ligte beserings opgedoen. Tydens Junie het Toni na aanleiding van 'n chroniese rug/ buikpyn 'n dringende operasie ondergaan om sy blindederm, waar 'n gewas gevorm het, te verwyder. Na aanleiding van hierdie mediese kondisie kon Toni ook 'n eis instel op tydelike ongeskiktheid wat net weereens die noodsaaklikheid van voldoende risiko dekking bevestig. Ons is dankbaar almal is nou weer gesond.

Kirsten, ons dogter, werk ook nou deeltyds vir ons en is besig om alle dokumentasie in te skandeer om dit elektronies te kan bewaar. Toni, Elmarie en Antoni het die verpligte RE5(R) (Voorgeskryfte eksamens) suksesvol afgelê.

Vooruitsigte vir 2012

Ons is positief en opgewonde vir 2012. Ons is in die proses om ons eie webtuiste te ontwerp. Baie dankie aan Anthony Joshua vir sy inisiatief en moeite tot dusver en in die toekoms. Ons beoog om

onder andere ons ontledingsprogram verder op te gradeer om nog meer waarde aan ons kliënte toe te voeg.

As inspirasie

Ons is werklik trots op twee van ons kliënte:

Philip Koen, ‘n elektrisiën van Willowmore, het 10 jaar gelede sy arm in ‘n motorongeluk verloor. Ten spyte van sy omstandighede werk hy en sy getroue handlanger nou weer voluit met al die boere in die distrik se elektriese toerusting.

Ingrid September het net voor die ouderdom van 60 saam met haar dogter, Quinn, ‘n regsgraad behaal.

Baie dankie, julle is voorwaar ‘n inspirasie vir ons almal. Baie geluk ook aan al ons ander kliënte wat hulle studies suksesvol voltooi het.

Welvaartskepping *Bron: Masthead Nuusbrief Sept. 2011*

Uit die jongste peiling van die tweejaarlikse Old Mutual Spaar analise wat Suid-Afrikaners se spaarpatrone onder die loep neem, blyk dit dat Suid-Afrikaners die impak van die resessie beleef het, maar egter positief vir die toekoms begin beplan.

Die meeste van ons spaar egter veels te min en is nie voorbereid op onvoorsiene gebeurlikhede nie. Baie van ons sal bejaarde ouers moet versorg en terselfdertyd ook vir kinders se tersiêre opleiding moet voorsiening maak. Daar is ongelukkig nie ‘n kortpad na finansiële vryheid nie. “Vinnig-ryk-word”-skemas werk dood-eenvoudig nie.

Belê by ‘n gevestigde maatskappy met ‘n bewese prestasierekord – wees bedag vir beloftes van onrealistiese opbrengste wat in die huidige marktoestande eenvoudig nie haalbaar is nie.

Verstaan jou tydhorison en risikoprofiel – hoe langer die tydperk wat jy het om te belê, hoe groter die risiko wat jy kan bekostig om te loop en hoe beter die kans dat jy aantreklike opbrengste sal behaal en die voordeel van saamgestelde rente (d.w.s. rente op rente) sal geniet. **Dis die tyd in die mark wat tel – nie die tydsberekening nie.**

Dit is beter om geld oor die lang termyn met gereelde tussenposes te belê. Meeste mense wil belê wanneer die markte ‘n sterk lopie het en is geneig om hul geld te onttrek sodra daar ‘n afswaai is.

Dit maak sin om aan te hou belê wanneer die mark afplat en aandele ondergewaardeer en heelwat goedkoper is. Sodoende sal jy meer geld maak wanneer die mark weer begin styg.

Diversifiseer sodat as een van die bates, beleggings of markte nie goed presteer nie, jy steeds die ander beleggings het wat vir jou werk – met ander woorde jy bestuur jou risiko. Moenie op die opbrengs van ‘n enkele beleggings fokus nie, maar beskou jou beleggingsportefeulje as een geheel.

Balanseer jou portefeulje – moenie in eiendom of kontant alleen belê nie. Daar sal altyd tye wees dat een bateklas beter as ander presteer. Waar kontant en effekte stabiliteit verskaf, bied aandele en eiendom weer groei.

Kies ‘n professionele portefeulje-bestuurder wat geleenthede kan ondersoek en oordeelkundig sal belê.

Onthou, elke mens is uniek – ‘n belegging wat goed is vir jou buurman is nie noodwendig goed vir jou nie, ‘n Weldeurdagte finansiële plan sal jou help om sukses te behaal, ongeag die beweging van die mark.

Aftreebeplanning

Dis van uiterse belang om so vroeg as moontlik te begin spaar vir aftrede. Volgens ‘n studie van Sanlam (Mail & Guardian, 12 Aug. 2010) moet 64% van afgetredenes in Suid-Afrika tans afskaal met hulle leefstyl en 31% noodgedwonge aanhou werk. Volgens die opname van Sanlam beraam

hulle dat tans slegs 1 uit 10 mense wat aan pensioenfondse behoort genoegsame aftreebeplanning in Suid-Afrika het. Kontak ons asb. vir ‘n finansiële behoefte ontleding om vas te stel waar jou posisie is.

Lewens- en ongeskiktheidsvoordele

Saam met aftreebeplanning is lewens- en ongeskiktheidsvoorsiening net so belangrik, veral indien jy afhanklikes het. Dis belangrik om voorsiening te maak voor dit moontlik te laat is. Volgens ‘n Ou Mutual seminaar in Augustus wat ons kantoor bygewoon het is die nommer 1 risiko en sterftes verbasend nie kanker en vigs nie, maar suikersiekte. ‘n Gesonde leefstyl, wat gesonde onverwerkte voedsel en genoegsame oefening insluit, kan bydrae tot die voorkoming van ernstige siektes en ‘n goeie lewenskwaliteit. Ons kantoor het ons ook verbind met hernuwe toewyding.

Ongelukkig het ons kliënte met ernstige siektes. Ons wens aan julle spoedige beterskap. Ons dink ook aan almal wat geliefdes verloor het. ‘n Spesiale dank aan ons boedelbeamptes, Maretha en Werner vir spoedige afhandeling van boedels.

Belastingaanslae

Die oorskakeling na ritboeke (*log book*) het suksesvol verloop en meeste kliënte hou dit deeglik op datum. Kliënte moet asb. hul mediese uitgawes vir die jaar opsom en slegs die opsomming aan ons gee asook redes waarom die uitgawes nie deur die mediese fonds gedek is nie. Die strokies moet vir 5 jaar gehou word (volgens S.A.I.D. se regulasies).

Ons is finansiële beplanners en hoewel ons geregistreer is as belastingpraktisyns doen ons slegs aanslae vir bestaande kliënte.

Korttermynversekering

Maak asb. seker dat julle elke jaar julle polisse nagaan om seker te maak julle is genoegsaam verseker. Motors se versekerde bedrae moet verminder en al julle ander besittings behoort vir vervangingswaarde verseker te wees. Maak seker waardevolle items is verseker en dat julle nie onderverseker is nie. Vir eise skakel die maatskappye direk of kontak vir Elmarie by ons kantoor.

Vir navrae tydens die Kerstyd wanneer ons kantore gesluit is:

Mutual & Federal kliënte	Tel: 021-401 6911 (Eise)
	Tel: 0860 637 373 (Navrae)
Santam	Tel: 0860 726 826 (Alle navrae en wysigings)
	Tel: 0860 122 334 (Alle eise en navrae aangaande eise)
Auto & General	Tel: 021-527 8666

Ons kantore sal gesluit wees vanaf 16 Desember 2011 - 4 Januarie 2012.

Baie dankie vir julle volgehoue vertroue in ons. ‘n Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwejaar aan almal!

Baie groete

Van ons almal by Toni van Zyl Finansiële Dienste